

Nº 2378 | 2-9 April 2026
landbou.com RSA R85,00 (BTW Ingesluit) Namibië N\$90,00

Landbou

weekblad

PYN BY DIE POMP

Wenke wat
jou sal verras



TWEE BOEREPLANNE

Beweeglike haelnette
fnuik hael én wind
+ Gasgeweer
bekamp
knaagdiere
(sonder gif)

INSETKRISIS

Meer kalk, minder kunsmis
en beter grondbiologie
+ 'Ons gaan uitbuiters
noem!' – Graan SA

KALLIE SCHOEMAN

Oor 'n nuwe
'verslawing' &
42 000 etes
vir honger
kinders

WÊRELD HOU ASEM OP

Iran-oorlog
wurg lewe uit
uitvoerbedrywe



HERLEWINGS-
LANDBOU RED MY
(EN BESPAAR
DRASTIES DIESEL)

SA SE TOP-
SKAAPBOER
WINS MAAK OF
BREEK JOU

VEEDIEFSTAL &
PLAASMISDAAD
KEN DIE WETTE &
VERSTERK JOU SAAK

SPESIAAL
• SUV VIR 'N
BOERVROU
• GEWASSE





'Swem, nie drank, is my nuwe verslawing'

Tien jaar gelede het die bekende Delmas-boer Kallie Schoeman by 'n rehabilitasiesentrum gaan aanklop om hulp in sy stryd teen alkoholverslawing. Sedertdien het swem sy nuwe 'dwelm' geword, en vanjaar het hy die ysige Atlantiese Oseaan aangedurf om van Robbeneiland na Bloubergstrand te swem om geld in te samel vir kinders wat weens 'n gebrek aan voedsame kos aan groeistremming ly.

Hy was 62 jaar oud toe Kallie Schoeman (binnekort 72) by 'n rehabilitasiesentrum uitstap en aan homself 'n belofte maak: Hy sal nooit weer in sy lewe drink nie.

"Toe ek uitkom, het my gholfpelle gesê hulle gee my 'n maand, dan sal ek *relapse*," onthou hy.

Maar Kallie het terdeë besef hierdie was sy tweede, en dalk laaste, kans. Hy kán dit nie opfoeter nie.

"Eintlik moes ek dood gewees het. Ek was op 'n baie slegte plek in my lewe. My lewer was moer toe."

As hy sy belofte gestand wou doen, sou Kallie iets moes kry om hom mee besig te hou in "sundowner-tyd". Die antwoord het hy in die oop water gevind.

KORTOM

- Kallie Schoeman het tien jaar gelede hulp gekry vir sy alkoholverslawing en daarna begin met oopwaterswem as sy nuwe "dwelm".
- Hy het onlangs van Robbeneiland na Bloubergstrand geswem om geld in te samel vir die StartWell-stigting, wat voedsame kos aan kinders voorsien om ondervoeding en groeistremming te voorkom.
- Hy het R126 000 ingesamel, gelykstaande aan 42 000 voedsame maaltye of genoeg om 114 kinders 'n jaar lank kos te gee.

"Ek wou nie draf nie, want ek het 'n bioniese enkel. En al het ek reeds sewe Kaapse fietstoere gedoen, het ek nie kans gesien vir fietsry en die val wat daarmee

Prentjiemooi berg en see. Kallie Schoeman meen daar is nie baie mense wat met só 'n uitsonderlike profieffoto kan spog nie. FOTO'S: VERSKAF

saam kom nie."

Kallie is nie 'n gebore swemmer nie, maar hy het homself vir swemlesse gaan inskryf by Groblersdal se hoërskool.

"Die afrigter het gesê ek moet op en af swem en toe ek klaar is, sê sy: 'Dis nie swem nie, dis ghoef!' Ek kon net in die rondte swem, want ek het op die plaas in 'n sinkdam leer swem," sê hy laggend.

Kallie vertel hoeveel vasbyt dit geveg het om van voor af te leer swem – en dit in sy sestigs. Maar hy het geweet dis die enigste opsie as hy die drankduiwel se doppie finaal wil klink.

Ná agt lesse het sy afrigter voorgestel hy skryf in by die oopwaterswemklub – en dis waar Kallie sy nuwe "dwelm" gevind het. Kort voor lank het hy ook 'n 25 m-lange swembad by sy huis op Delmas laat inbou.

"Oopwaterswem het my *drug* geword, een wat ek uit eie keuse gemaak het en waarop ek versot is en versot sal bly.

"Ek is deesdae verslaaf aan swem en het



Kallie Schoeman (71, regs) en Anneri van der Wath (26) was onderskeidelik die oudste en jongste deelnemers wat die GrootSwem tussen Robbeneiland en Bloubergstrand aangedurf het. Hulle twee het as aflosspan deelgeneem en uiteindelik elkeen 3,2 km in sowat 1 uur en 34 minute geswem.




Saam met sy vrou en grootste ondersteuner, Elna, wat hom op Big Bay-strand ingewag het ná die epiese swemtog.

vanjaar my agtste Midmar-myl geswem,” vertel hy trots.

Swem is meer as ’n sport vir Kallie, dis ’n leefstyl. Een wat help om spanning te verlig en sy gesondheid bevorder (sy geneesheer reken selfs hy kan vandag sy lewer skenk, so goed lyk dit!).

“Die vryheid wat jy beleef as jy in die water is en wanneer jou arms egalig deur die water klief... Jy skei goedvoelhormone



Dit was allermins goeie swemtoestande, want hul poging is deur groot deinings en sistrome bemoelik. “Jou kop tel 70%, jou lyf seker net 30%,” glo Kallie.

af en wanneer jy uit die water klim, is jy ’n ander mens. Dit is my antidepressant,” probeer hy die gevoel saamvat.

Die Here se plan met Kallie

Oor sy afhanklikheid van alkohol praat Kallie deesdae maklik. Hy is onder andere ’n motiveringspreker by rehabilitasiesentrums wat mense help wat aan dwelms, medikasie, dobbel, drank, pornografie en seks verslaaf is.

“Die Here het ’n plan met my gehad. Hy het gesê Hy gaan my tot in die diepste donkerte laat daal, want nou verstaan ek

angs, depressie, moedeloosheid, ’n swak selfbeeld en selfdoodneigings.”

Dit is een van Kallie se doelwitte in die lewe om mense te help losbreek uit die kloue van verslawing, want hy begryp die vernietigende impak daarvan en hoe wydverspreid dit voorkom.

“Alkohol het die sosiale gom geraak wat die samelewing bymekaar hou. Daar is byna nie ’n familie wat kan sê niemand in hul voorgeslagte het nie ’n probleem met alkohol gehad nie – dis of ’n oom of ’n pa of ’n tannie. Maar nê 10% van alkoholiste steek hand op en erken hulle het ’n ▶

◀ probleem. Families moet dus daarmee saamleef, en 'n siek persoon beïnvloed tien tot dertig mense rondom hom of haar. Dis buierigheid, aggressie, werkverliese, slegte verhoudings, wantroue ..."

Hy vertel graag vir ander afhanklikes hoe belangrik die eerste drie maande op die pad van genesing is. Aanvanklik sien 'n mens die persoon begin beter lyk, daarna begin hy beter voel en uiteindelik begin hy dit by ander hoor, wanneer hulle besef daar is werklik 'n verskil. En dán begin 'n afhanklike 'n voorbeeld stel, soos Kallie.

"Swem is my teenvoeter teen die afhanklikheid van alkohol, maar ek het ook 'n volgeling van Jesus geword. Daar was 'n honderd skape en een het afgedwaal en dit was Kallie Schoeman. Toe sê die Here Hy los 99 van sy skape en kom haal my, want ek het 'n roeping en 'n doel vir Hom. Dit is my roeping om ander mense te help en te inspireer," getuig hy.

"Ek soek nie die eer nie, ek het niks om te bewys nie, maar een van my gunsteling-verse is: 'Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.'"

Kry seer as kinders en ouer mense swaarkry

Daarom skrik Kallie nie vir sy eie drome nie – selfs nie dié wat hom werklik bang maak nie. Soos toe hy vier jaar gelede begin droom het daarvoor om die Groot-Swem, aangebied deur die StartWell-stigting, saam met veertien ander sakelui en bekendes aan te durf.

Dié saadjie is eintlik geplant op 'n sypaadjie op Marble Hall, waar hy met sitrus boer. Voor die plaaslike Spar het 'n vrou met 'n skotteltjie aartappels en uie gesit wat sy probeer verkoop het.

"Sy het my vertel haar man het eendag na 'n sjebien gegaan en nooit weer teruggekome nie. Hulle het ook nooit sy liggaam gekry nie.

"Sy en haar vier kinders het agtergebly, maar sy het saans net kos vir drie van hulle. Vir die vierde kind gee sy twee Disprins en sê sy hoop hy kan slaap. Mōreaand is dit 'n ander kind se beurt," vertel hy met 'n stem waarin die trane vlak sit.

Daardie dag was 'n draaipunt in Kal-



Met sy moedige poging het Kallie Schoeman saam met ander sakelui daarna gemik om altesaam R1 miljoen vir die StartWell-stigting in te samel om voedsame maaltye aan kinders in nood te verskaf.

Voedsame kos vir groeiende kinders

Die StartWell-stigting is in 2018 deur Org van der Wath begin met die doel om groeiende kinders van voedsame kos te voorsien. Tans verskaf die stigting 13 000 maaltye per dag, oftewel 3,12 miljoen per jaar in hul stryd teen wanvoeding en groei-stremming.

Talle Suid-Afrikaanse gesinne kan nie die vereiste hoeveelheid proteïene bekostig wat nodig is vir 'n kind om te groei, te ontwikkel en sy of haar volle genetiese potensiaal te bereik nie. Dit lei tot vertraagde ontwikkeling weens swak voeding, herhaalde infeksies en onvoldoende psigo-sosiale stimulerings.

Tot 27% van die kinders in Suid-Afrika word as onderontwikkeld beskou weens hierdie probleme.

Die stigting het sy eie aanleg waar gesonde, voedsame en bekostigbare eet-gereed-kos geproduseer word wat spesifiek ontwikkel is om in groeiende kinders in arm gemeenskappe se behoeftes te voorsien. Deur vroeë ingrepe kan 'n verskil gemaak word. Elke maaltyd bevat makrovoedingstowwe, veral proteïene, vitaminiene en minerale.

Die stigting voed ook gesinne op oor die belangrikheid van diereproteïene vir gesonde kinderontwikkeling, en ondersteun vroue om die oorsake van wanvoeding onder die loep te neem.

lie se lewe. "Ek kry baie seer as kinders en oumense swaarkry en dis waar die StartWell-stigting só 'n groot verskil kan maak."

Die stigting spits hom daarop toe om bekostigbare, maar voedsame maaltye aan kinders te voorsien in 'n poging om groei-stremming (*stunting*) weens 'n tekort aan voedingstowwe te voorkom.

Voor Kallie dus op 10 Maart vanjaar in die water by Robbeneiland geduik het, het hy eers aan 127 kennisse in sy uitgebreide netwerk 'n versoek gerig: Om hom te borg vir elke meter wat hy swem. Hy het teen druktyd reeds R126 000 vir die stigting ingesamel, heelwat meer as sy mikpunt van R100 000 (gelykstaande aan 42 000

etes of maaltye vir 'n jaar vir 114 kinders).

"Ek het uitgewerk dat vir elke meter wat ek geswem het, het ek dertien maaltye gekoop. Dit was my motivering. Dis maklik om geld te gee, maar moeilik om iets van jouself te gee."

'Luister, ek was bang'

En toe breek daardie Dinsdagoggend aan. Die een waarvoor hy honderde kilometers in die swembad of in die koue Weskuswater by hul strandhuis naby Jacobsbaai geoefen het. Ook die oggend waarvoor hy soveel "sê nou maars" in sy kop moes keer in die voorafgaande week.

"Luister, ek was bang," erken hy.

Om 06:15 was die swemmers op 'n rub-

berboot vir die rit van 45 minute tussen die Oceana-bootklub en Robbeneiland. Die toestande was nie ideaal nie. Die water was 'n koue 12 °C tot 15 °C, vol deinings en daar was sterk systrome. Boonop vaar hulle toe digby 'n walvis verby – die naaste wat Kallie nóg aan een van dié soogdiere gekom het.

“Dit was verskriklik. Die water is *choppy*, jy is nou net by die walvis verby en jy weet nie wat nog voorlê nie. Die robbe het hondsdoelheid en kan jou aanval, daar kan haaie of moordvisse wees...”

Toe die koue water agter teen sy rug afloop met die inklingslag en hy sien die reuse-hotel 7,5 km verder op Bloubergstrand is skaars 'n spikkel groot, het Kallie besef hy sal baie vinnig moet aanpas by die omstandighede.

“Dit was glad nie lekker swemweer nie. Diegene wat dit al vier keer vantevore gedoen het, sê dit was die taaiste GrootSwem nóg.”

In die koue water het Kallie deurentyd met die Here gepraat.

“Dis al waar ek my krag vandaan kry, nie van Energade of so iets nie.”

Hy en Anneri van der Wath was 'n aflosspan. Die een bykans 72 jaar oud, die ander een 26. Hulle het besluit om mekaar al om die halfuur af te los en die laaste halfuur saam uit te swem na Big Bay se strand toe.

Kallie is gewoonnd daaraan om sowat 2:15 minute aan 100 m te swem, maar in die moeilike seetoestande het hul eerste 100 m omtrent 'n minuut langer geduur.

“Die golwe kom en as jy asemhaal, moet jy jou kop ophig, anders slaan die water in jou mond. Jy moet ook jou arms hoër lig, anders druk jy dit teen 'n golf was. As jy nie volledig asemhaal en dit uitblaas nie, gaan jou hart in die rooi en die volgende wat gebeur is 'n paniekaanval.”

Die systrome het ook beteken hulle moes met 'n boog swem – amper terug in Kaapstad se rigting. Tydens Kallie se tweede skof het krampe begin pla, wat hy met elektroliete vasgevat het. “In 'n stadium het ek selfs gehoop daardie walvis sluk my in en spoeg my ná drie dae op Bloubergstrand uit! Die belangrikste is tegniek en styl, maar ek dink sowat 70% van die sukses lê in jou kop en 30% in jou lyf.”

Dolfyne swem saam

Namate hulle gevorder het, het die omstandighede verbeter. 'n Paar dolfyne het selfs uitbundig naby hulle kom swem. Teen die laaste halfuur kon Kallie en Anneri teen 2:31 minute per 100 m vorder.

Toe hulle die vasteland uiteindelik sien naderkom en hy weet sy vrou, Elna, staan daar en wag, het Kallie opnuut moed geskep. Onvas op sy voete het hy deur die vlak water uitgestrompel na waar Elna en die span met 'n medalje en warmsjokolade gewag het. “Ek het spontaan begin huil. Net in trane uitgebars. Die gevoel van euforie is onwerklik. Jy sê vir jouself, maar regtig, het ek dit reggekry?”

“Ek kyk na my profielfoto (waar hy alleen in die oseaan swem met Tafelberg wat oor hom toring) en ek wonder hoeveel sul-

ke profielfoto's daar in die wêreld is.”

Uiteindelik het hy en Anneri elkeen 3,2 km afgelê binne 1 uur en 34 minute. Kallie se swemhorlosie wys hy het altesaam 1 718 swemslae gegee.

“Nee, ek is nie trots nie. Eerder dankbaar. Veral as ek die reaksie sien van mense wat sê ek inspireer hulle.”

Ouer mense het vir hom kom sê hulle gaan nou elke middag om die blok begin stap of by 'n gimnasium aansluit. Jonger manne het hom kom gelukwens met: “Oom Kallie, ek wou nog altyd 'n halwe Ysterman doen, maar ek was te bang. Nou sien ek kans daarvoor”.

Hy gee 'n laggie. “Jy weet, die mees ekstreme ding wat ek in my lewe gedoen het was eintlik nie die GrootSwem nie, maar om 'n boer te word.”

En ja, volgende jaar is hy en Anneri terug in daardie koue water waar soveel gevare skuil, maar waar elke meter se vordering ook 'n kans in die lewe gee vir kinders wat andersins nie 'n voedsame maaltyd kan geniet nie.

“Ek het my Everest uitgeklim en die piek bereik. Dit was *meaningful, purposeful, fruitful en successful*, en daarom is ek nou *grateful*. Ek gaan nie ophou nie, want ek doen dit ook om die ou man uit te hou.” **LBW**

Indien jy 'n bydrae wil maak tot Kallie se GrootSwem-fonds, betaal dit in by Start Well Foundation NPC, FNB, lopende rekeningnommer 627 6007 3892. Gebruik 'Kallie-GrootSwem' as verwysing.

ONGEDIERTE?
LY JY SKADE?



kontak
↓

Jakkalsjagtor sedert 1979

Peter Schneekluth: 023 541 1360
Sel: 063 580 3528
www.peterspredatorcontrol.com

Piket Implemente

Besoek Piket by NAMPO Bothaville by buite stand nr: **D14 a** 12-15 Mei '26

+27(0)22 913 2435
36 Kloofstraat, Piketberg 7320

info@piket.co.za
www.piket.co.za

IDEAAL VIR LANGTERMYN VOERPRODUKSIE

NO TILL DEKGEWAS FYNZAAD SKOTTELPLANTER

- Modelle: 10-Ry / 12-Ry / 14-Ry / 16-Ry / 20-Ry
- 3-Kompartement saad, fynsaad & kunsmis kis

Piket Implemente (Edms.) Bpk. Reg. Nr.: 2018/310816/07. Adres: Kloofstraat 36, Piketberg

12-RY / 14-RY / 16-RY / 20-RY: PLANTWEIDING OP SUIWEL & VEE PLASE

STEWIG EN STERK

NO TILL: PLANT IN GEVESTIGDE WEIDING

AKKURATE PLASING VAN SAAD

SKANDEER QR KODE